

Tema: Wonderlike eer en genade van God sonder mense vir alle mense!

Lofsang ter voorbereiding van die erediens

Lied 190: 1, 2, 3

Lied 305:1, 2

Lied 171: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar

Intreelied: Ps 99 - 2: 1, 2

Votum

Seën

Loflied Ps 97 - 2: 1, 3, 4

Geloofsbelydenis: NGB Art 1 deur saam te sing Sb 12 - 3: 1, 2

Ons verootmoedig ons voor God

Wet: Deut. 5: 1 – 22

Sing as antwoord op die wet: Ps 97 - 2: 5

Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof

Doopformulier

Bediening van die Doop

Sing na die Doop Sb 16 - 1: 1, 2, 3

Wys skyfie 1 – kaart van 5 stede van Filistyne

Skriflesing uit “Die Bybel 2020” Vertaling: 1 Sameul 5 en 6

Teksverse: 1 Sameul 5: 4, 6 en 1 Sam. 6: 12 en 19 - 20

Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening

Gebed

Liefdegawe

Sing Ps 93 - 2: 1, 2, 4, 5 (Mel Lied 582)

Seën

Amenlied: Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Daar is twee waarhede wat vandag uit hierdie Skrifgedeelte baie duidelik word:

1. God het nie mense nodig nie!
2. Mense het God nodig!

Ja, God kan sonder mense doen wat Hy moet doen en wat Hy wil doen. Hy het nie mense nodig om sy eer te verkondig of om sy eer te verdedig nie! Hy doen dit self – sonder mensehande! God het nie mense nodig om te bereik wat Hy wil Hy hier op aarde wil bereik nie! Natuurlik wil God mense gebruik! Dis hoekom Hy ons geskape het! Maar..... Hy het ons nie nodig nie!

Hoekom is hierdie waarheid so belangrik vir ons vandag? Want mense dink God kan nie sonder hulle bestaan nie! Mense dink God is van ons afhanklik om sy doelwit met die mens en die skepping te bereik!

Kom ons dink saam oor 'n paar voorbeelde hiervan:

Het jy al gehoor dat wanneer mense oor hulle geloof praat en hoe hulle gered word, dat mense sê: jy moet jou hart vir die Here oopmaak! So asof die Here magteloos buitekant jou lewe staan en dat God niks kan doen voordat jy nie 'n besluit geneem het of vir Hom die deur van jou lewe oopgemaak het nie! Hierdie dwaling berus op 'n verkeerde verstaan van Openbaring 3:20.

Ons het so pas die Sakrament van die Doop aan drie babas bedien. Sommige mense dink dat die doop te doen het met jou geloof! Daarom meen hulle 'n mens moet groot gedoop word, want jy moet eers verstaan waaroor alles gaan en jy moes 'n besluit in jou lewe geneem het dat jy in God glo en dan word jy gedoop as bewys van jou geloof! So asof die doop oor die mens en sy geloof gaan! Dit doop het niks met jou geloof te doen nie, maar alles met dit wat God in jou lewe doen. Hoe Hy jou tot geloof bring!

So baie gelowiges glo steeds dat hulle gered sal word en dat hulle hemel toe sal gaan omdat hulle 'n goeie lewe lei! Vra jy vir iemand hoekom hulle glo dat hulle gered sal word en eendag hemel toe sal gaan, dan sal hulle antwoord: maar ek probeer regtig om reg te lewe! Ek glo in die Here en ek probeer opreg doen wat Hy van my vra. Ek lees my Bybel en ek bid en probeer goeie dinge doen! Sien jy die probleem met hierdie gedagte? Dat my redding is van my afhanklik! Ek moet dit maak! God kyk of ek goed leef en dan sal Hy my red!

Ander gelowiges kyk weer so na hulle lewe en bestaan hier op aarde asof die sukses wat hulle bereik, van hulle afhanklik is! Ek moet sorg vir alles! Ek moet hard werk en ek moet in alle opsigte my kant bring want die geld wat ek verdien, die sukses wat ek in my huwelik en die opvoeding van my kinders behaal, hang alles van my af!

En so, br en sr, begin die mens naderhand dink dat God in sy diens staan sodat die mens alles kan bereik wat God wil hê hy of sy moet bereik!

Daarom dat Israel in die geveg teen die Filistyne die ark in die tempel gaan haal en na die slagveld bring. Hulle het gedink hulle kan God manipuleer om te doen wat hulle wil doen! Daarom het die skoondogter van Eli gedink dit is "Ikabod" toe die ark van die Here weggevoer word deur die Filistyne. Die ark is weg en daarom is God se eer weg!

Maar kyk hoe openbaar God sy wonderlike eer en genade sonder mensehande maar tog in liefde ter wille van mense se redding!

Tema: God openbaar wonderlike eer en genade sonder mense vir alle mense! Ook vir ons!

Die Filistyne gaan sit die ark van die Here in die tempel van hulle afgod Dagon soos 'n oorwinningstrofee neer! Hulle en hulle god Dagon was sterker as die Here en sy volk daarom het hulle die Israeliete oorwin en die ark van God kon neem! Nou moet God voor Dagon buig! Dagon was 'n natuurgod wat aanbid is sodat die natuur vir die mens moes sorg. Daar is bewyse dat Dagon op 'n tydstep afgebeeld is in die vorm van 'n mens met die onderlyf van 'n vis! (wys skyfie 2)

Toe die priester van Dagon egter die volgende more daar kom, lê die houtgemaakte beeld van Dagon plat voor die ark van die Here neer soos iemand wat God aanbid! Die priesters tel die stuk houtgod op en sit hom weer op sy voetstuk neer! Die volgende oggend toe le die afgod weer voor die ark maar hierdie keer met sy kop en hande wat afgebreek is! (wys skyfie 3)

Sien julle? Die Here handhaaf sy eer en heerlikheid buite die grense van Israel - in die midde van 'n heidense volk - sonder mensehande! Die afgod van die Filistyne val in aanbidding voor God neer en met sy kop en hande afgebreek openbaar die Here dat Dagon niks is en niks kan doen nie! Die Dagonpriesters moes hom weer soos Humty Dumty aanmekeer probeer las en regop sit!

Lees die mooi ironie van die skrywer raak: Dagon se hande is af, maar God se hand druk swaar op die Filistyne! Die Here bewerk dat die inwoners van Asdod deur pynlike swelsels en swere getref word. Waarskynlik ook 'n muisplaag! Toe die inwoners van Asdod besef dat die dinge met hulle gebeur as gevolg van die ark se teenwoordigheid by hulle, stuur hulle die ark na die volgende stad met die naam Gat.

Dieselfde straf van die Here tref die inwoners daar en in paniek stuur hulle die ark na 'n ander stad met die naam Ekron. Ook daar breek paniek uit toe dieselfde straf van die Here hulle ook tref! Daar staan in hf 5: 11 en 12 : die hand van die Here het swaar op hulle gelê: die mens wat nie gesterf het nie, is met pesswre getref. Die geskreeu van die stad kon baie ver gehoor word!

Geliefdes, God het nie mense nodig om te bewys dat Hy God is en dat Hy sy eie eer teenoor sy eie volk en teenoor die heidense volk kan handhaaf nie! Hier moes die Filistyne dit net soos die Israeliete op 'n swaar manier leer. Vir sewe maande lank!

Die tweede waarheid waaroor ons vanmore praat, word hiermee bevestig: mense het God nodig! Ook die ongelowige Filistyne het God nodig – op 'n vreemde manier! God moet hulle asseblief nie verder straf nie! Die Filistyne het besef: Die God van Israel is waarlik God! Hy toon aan hulle sy eer en hulle weet nou eintlik nie meer wat om daarmee te doen nie! Miskien moet God eerder teruggaan na Israel.

En dan beraam die konings van die Filistyne saam met die geestelike leiers, die Dagonpriesters en waarseërs, 'n plan. Die ark moet teruggestuur word na Israel maar op so 'n manier dat hulle nou vir oulaas kan seker maak dat wat met hulle gebeur het, nie maar net 'n natuurverskynsel is nie, maar regtig van God kom.

Die ark moet op 'n nuwe wa gesit word en twee koeie wat nog ooit ingespan was nie en wat kalfies het wat nog aan die koeie drink, moet voor die wa ingespan word. Indien die koeie dan met die wa terugloop na die grondgebied van Israel, dan sal dit 'n seker teken wees dat dit wel God is wat sy eer aan hulle openbaar!

Nou, brs en srs, iemand wat iets van die natuurlewe en van koeie en kalfies weet, sal dadelik besef: die Filistyne probeer dit vir God onmoontlik maak om sy eer te bewys! 'n Koei of os wat nog nooit 'n wa getrek het nie, kry jy nie voor 'n wa ingespan nie. Hulle moet eers “ingebreek” word soos die boere praat. Hulle moet met groot geduld geleer word om 'n wa te kan trek. En koeie wat kalfies het wat nog aan hulle drink, sal nooit die kalfies los nie! Hulle natuurlike instink is om altyd terug te keer na die kalfies!

Maar God wat doen God! Hy bewys sy eer sonder mensehande en met die hulp van twee koeie met kalfies Lees weer hf 6: 12. Daardie twee koeie loop reguit – al bulkende – met die ark van God op die wa, reguit na Bet-semes, die naaste Israelitiese dorp.

God het ons nie nodig nie, maar ons het God nodig! Dis waarom God sy ark laat terugkeer na sy volk! God het sy eer en genade nou klaar aan die heidense Filistyne bewys en hulle is oortuig daarvan! Hierdie stukkie geskiedenis toon reeds aan ons hoe God ook sy boodskap van eer en genade aan ongelowige mense wil bewys! Die ark was eintlik op 'n sendingreis deur Filistea! God het vir hulle gaan wys wie Hy is en dat hulle Hom nodig het!

Nou terug na sy eie volk! En ook daar moet die Israeliete weer hard leer: ons kan nie met God handel soos ons wil nie! God se eer en heiligheid is op die spel – daarom die 70 mense van Bet-semes wat sterf omdat hulle oneervol met die ark van die Here omgegaan het!

Maar die ark van die Here is terug in Israel! Want Israel het God nodig! Hulle het God se genade nodig! Daarom volg daar na hierdie gebeure 'n tydperk van genade in Israeël, Van terugkeer na die Here en van Sameul wat die volk op die regte pad lei.

Brs en srs, net soos ek en jy God nodig het! God is nie van ons afhanklik nie! Hy kan sonder my en jou klaarkom! Maar ek en jy kan nie sonder Hom klaarkom nie!

Ons kan nie sonder Hom gered word nie! Die waarheid is: ek en jy is vanweë die sondeval so in die nood – dat ons oppad was om in die hel te beland! Ek en jy is soos Dagon sonder kop en sonder hande! Ons het God nodig om ons te red – Hy moet ons aanmekaar kom sit! Hy kan sonder ons, maar ons kan nie sonder Hom nie! Om het die heerlijkheid en die genade van God nodig!

En God het die mens aanmekaar kom sit. Hy stuur van die hemel sy Redder en Verlosser – Jesus Christus – om ons mense te kom red! Sonder mensehande word die maagd Maria swanger en bring Jesus, die Seun van God in hierdie wêreld in. Hy kom ons red! Hy word eerste gestuur na die volk Israel – God se volk – om hulle te red van sonde en die hel!

Maar Jesus Christus word ook gestuur vir alle mense – ook vir die ongelowiges! Dit word alreeds by sy geboorte duidelik! Hy is ook sendeling vir die heidene. Daarom verskyn daar 'n ster – sonder mensehande - wat deur God gestuur word sodat ongelowiges in die verre Ooste daardie ster kan sien en in Bethlehem voor die Koning kan kom buig. Hulle erken Hom en kom betoon eer en heerlijkheid met goud, wierook en mirre! Daar is genade vir die Filistyne van hierdie wêreld!

Alle mense het God nodig! Christus kom dra die skuld van ons sonde en Hy bring vir ons 'n nuwe lewe by God! Dit doen die Here ook sonder mense hande in die lewe van elke mens! Alleen hang Hy daar aan die kruis! Alleen dra Hy die straf van op die sonde! My God, my God waarom het U my verlaat? Alleen word Hy in die graf neergele en sonder mensehande – sonder mense hulp, staan Hy op die Sondagmore uit daardie graf op! Met eer en heerlijkheid vaar Hy alleen op na die Vader om daar as Koning van genade, sy genade aan my en jou te betoon!

Net so werk God ook sonder my en jou ons geloof!

Die Heilige Gees kom plant geloof in elke mens se hart! Jesus sê die in Johannes 3 – die Heilige Gees se werk is sood die wind wat waai! Sonder my en jou hulp en self sonder ons wete – gee God aan ons geloof!

Ja, God wil ons ook gebruik! Daarom bewerk God dat daardie saad wat deur geloof geplant word, in my en jou tot bewustelike geloof kom! Dat ek en jy kan glo en kan bely dat ons in God glo! Maar dit is God se werk! Ja, geliefdes, my en jou geloof is

niks minder van 'n wonderwerk as die twee koeie wat al bulkend die ark van God na Israel terugdra nie! Dis alles God se werk!

Dis wat die doop beteken: Die doop is 'n teken van God se genade in die lewe van gelowiges se kinders! Dat God hom aan 'n baba verbind en hier 'n belofte afle dat Hy met hierdie kind sal wees en dat Hy deur sy Gees in hierdie kind sal werk en dat hierdie kind se geloof eendag God se handewerk sal wees! Die Doop is 'n manier waarop God sy eer bewys sonder mense hande! Wat 'n heerlike troos is dit nie vir Verbondsouers nie – hierdie belofte van die Here – waarmee Hy hulle en hulle kinders begenadig

Ja, geliefdes, so ook in alles wat in my en jou lewe gebeur. Dit gebeur alleen onder die seënende hand van God! Spreuke 16: 1 sê: Die mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daarvoor kom van die Here. Psalm 127 leer ons: ons kan vroeg opstaan en laat gaan slaap en hard werk! Dit sal tot niks kom as God dit nie sien nie!

Geliefdes, sien julle hoe die wonderlike eer en heerlijkheid en genade van God – sonder mense hande – maar ter wille van alle mense – ook ter wille van my en jou, uit hierdie geskiedenis spreek!

Ja, God het my en jou nie nodig nie! Maar Hy wil uit liefde en genade sy eer en heerlijkheid aan jou en my wys en aan met ons deel! Dat God my en jou nie nodig het nie – is dus genade! Koplose en handlose mense – maar God het ons lief en Hy wil ons sy kinders maak!

Kom ek en jy erken dan vanmore: Here ons kan niks - maar U kan alles! Dankie dat ons uit genade kan bely! Here, U kan alles! Sonder ons – maar vir ons! Dankie Here.

Amen